

Vrydag 29 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 13:1-6

Fokusgedeelte: Hebreërs 13:1-3

Liefde vir medegelowiges vloei uit jou liefde vir God

Liefde is een van die kenmerke van 'n gelowige se lewe. Tog is dit iets waarmee ons almal sukkel. Medegelowiges, deur hulle optrede en woorde, maak dit vir ons soms moeilik om hulle lief te hê. Jesus Christus som vir ons liefde op wanneer Hy sê: *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself* (Matt. 22:37-39). Ook in Johannes 13:34 gee Hy vir ons die opdrag van broederliefde. Liefde vir medegelowiges is iets wat uitvloei uit ons liefde vir God.

In ons fokusgedeelte sien ons dat Christene juis aangemoedig word om met broederliefde voort te gaan, want dit is iets wat maklik afgeskeep word, of dit word vir ons moeite (1 Pet. 4:9). Ons moet die heelyd herinner word aan Christus se onverdiende liefde, want broederliefde gebeur nie net spontaan of sonder moeite nie. Ons is geneig om God en ons naaste te haat (HK Sondag 2, v/a 5).

Al hoe ons mekaar kan liefhê en dien, is wanneer ons mekaar beter leer ken. Vers 3 moedig ons aan om onself in iemand anders se skoene te stel, want eers dan verstaan ons werklik hulle omstandighede en dan beseft ons watter groot nood daar werklik is. Jesus leer ons dat ons diensknegte moet wees, net soos Hy gekom het om te dien (Mark. 10:44, 45).

Kom ons hou aan om mekaar met die liefde van Christus te bedien. Soms is dit moeilik, maar maak ons dit ook nie moeilik vir ander om ons lief te hê nie? Herinner jouself elke dag aan die onverdiende liefde van Christus vir elkeen van ons.

Wanneer ons vir mekaar omgee en mekaar liefhet, soos wat Jesus vir ons lief is, sal almal weet dat ons dissipels van Jesus is (Joh. 13:34-35).

Sing: Psalm 133-1:1, 2

Ds. DFC Kruger (Dirk) (Zeerust)